577

Die Heer, my herder, sorg vir my



2
Die Heer gee my weer nuwe krag
en Hy sal met my gaan;
Hy lei my op die regte pad
ter ere van sy Naam.

3
Al lê daar donker dieptes voor,
tog hoef ek nie te vrees,
want U's by my, en in u hand
sal ek steeds veilig wees.

4
U maak vir my 'n fees gereed,
terwyl my vyand kyk.
U maak van my 'n eregas;
U maak my lewe ryk.

5
Net goedheid, liefde, lewenslank,
gee U, o Heer, vir my;
by U's ek tuis, en in u huis
sal ek vir ewig bly.

Teks: *The Lord's my shepherd, I'll not want* - Skotse Psalter 1650; Elsabe Kloppers 2001 ©
Melodie: CRIMOND - Jessie Irvine 1872
Harmonisasie: Tradisioneel